

## WEEK 17 - HERHALINGS VAN BERIGTE/INLIGTING IN 'N VORIGE VRYPOS

### NG WESSELSBRON-NOORD SE BASAAR KLEUREFEES:

Kom ontdek **JOU WARE KLEURE!**

**BASAAR KLEURE FEES**  
27 MEI  
08:00  
@ Hoërskool Sandveld

Die **PRET BEGIN**  
8uur die oggend

**Hoër-en Laerskool Rugby/Netbal SANDVELD vs BULTFONTEIN**

Vrees Koffie en Tee | Snacks | Sosaties | Braaivleis  
Pannekoek | Potjiekos | Tuisgebakte Koekie en Poodings  
Teetuin | Kuldreke | Teltroon | Skakel  
Rouse Springkasteel en Skyfkiel | Spelletjies

**COLOUR RUN 11:00**

**NG BRANDFORT:** Op **Saterdag, 27 Mei 2017** bied die NG Moederkerk in Brandfort hul jaarlikse Sonskyn Kermis & Motorskou aan - hekke open om 09:00. Kom ondersteun en geniet 'n plattelandse kermis met 'n verskil. Veteraanmotors, vleisverkope, braaivleis, tradisionele eetgoed, stalletjies en 'n heerlike teetuin. Vir bespreking van stalletjies, skakel Max by 082 334 2684. Vir navrae oor die motorskou, kontak Arno by 083 388 3992:

### NG BERG EN DAL:



INcontext Ministries' primary goal is to equip Christians to respond to the world in changing times.

Hulle nooi alle belangstellendes uit na 'n inligtings- en gespreksgeleentheid van **INcontext Ministries** wat **Donderdagoggend 1 Junie 2017 vanaf 09:00 – 10:30** by hulle plaasvind – die spreker by hierdie geleentheid is ds Louwrens Scheepers, almal is hartlik welkom. **INcontext MINISTRIES:**

*INcontext* se primêre doel is om die kerk, organisasies en individue toe te rus om op 'n verantwoordelike manier te reageer op dit wat in die wêreld om ons gebeur. *INcontext* doen dit deur relevante, opgedateerde nuus, informasie en perspektiewe aan sy lesers te bring. Ons glo dat Jesus sy dissipels uitgedaag het om bewus te wees van wat in die wêreld om hulle gebeur

(Lukas 12:56) en om op veranderinge te reageer vanuit Sy perspektief, eerder as om dinge vanuit ons eie menslike verstaan te interpreteer.

Ons kan nie ontken dat die kerk se reaksie (of geen reaksie) op kritiese wêreldgebeure, 'n impak het nie, vir die goeie of die slegte. Dink byvoorbeeld vir 'n oomblik aan hoe Sentraal Asië vandag lyk. Vir jare het Christene gebid vir die val van die ystergordyn. En toe dit val, was daar 'n onvermoë (of dalk onwilligheid?) van die kerk om by dié wêrelddeel betrokke te raak. En vandag is hierdie voormalige Kommunistiese streek nou onder die primêre invloed van Islam.

So ons moet onself as kerk en plaaslike gemeente vra: Wat is die geleentheid wat die kerk vandag gaan mis, as Christene nie erns maak met dit wat in die wêreld om hulle gebeur nie? Om hierdie rede wil ons gemeentes uitdaag en aanmoedig om krities oor vroeë soos die volgende te dink:

1. Wat is die huidige posisie van Islam in die wêreld? En wat moet ons maak van wat in die Midde Ooste gebeur in lande soos Irak en Sirië?
2. Hoe moet ons dink oor immigrante en vlugteling (veral vanuit Moslem lande) wat Westerse lande binnestroom? Wat is die rol wat ons as plaaslike gemeente kan speel in die invloei van "vreemdelinge" in ons eie omgewing?
3. Daar is groot politieke veranderinge aan die gebeur in Europa en Amerika. Wat kan ons verwag gaan die effek daarvan op die wêreld wees? Hoe moet ons as kerk daarvoor dink?

### NG HUGENOOT BASAAR 2017



**SATERDAG 27 MEI**

**VAN 09H00 TOT 14H00**

Kom geniet volgende: braaivleis en wors

potjiekos: afval en skaapskenkels

pannekoek

gebak: koeke, terte, klein koekies ens

kerrie en rys

sop en broodjies

teetuin

tweedehandse klere

wit offant goedere

Verder: groot verskeidenheid buite uitstallers.

Kinders: springkastele en skyfskiel.

KOOR KOMPETISIE VAN VERSKILLENDE KORE – TOEGANG GRATIS



**SONSKYN KERMIS & Motorskou**  
NG KERK BRANDFORT

**27 MEI 2017 • 9 VM**

**BRAAIVLEIS POEDING**  
**TEETUIN PANNEKOEK**  
**SOSATIES ROU VLEIS**  
**ROOSTERKOEK KINDERTAFEL**  
**TUISGEBAK KERRIE & RYS**  
STALLETJIES TE HUUR • 062 354 2684

4. En wat van Israel?
5. In al die politieke onrus, geweld en oorlog wat homself in die wêreld afspeel, waar is God aan die werk? Waar kan ons deur ons betrokkenheid as gemeente die grootste verskil maak?

Vir navrae, kontak ds Johan Marais op 084 517 8052, of stuur 'n e-pos aan [dsjmarais@lantic.net](mailto:dsjmarais@lantic.net).

Die kerkgebou is geleë op die h/v Albrecht- en Genl Hertzogstraat in Dan Pienaar, Bloemfontein.

**NG GARDENIAPARK:** Hulle bied verskeie basaarspelletjies aan op **Saterdag 3 Junie 2017** op die kerkerrein te Nerinastraat

2. **Hulle wil ander gemeentes uitdaag om vir die boeresport en die elektroniese bul in te skryf - pryse kan gewen word.**

## Bazaar Speletjies

**Kom neem gerus deel aan ons Bazaar speletjies op 3 Junie 2017!!**

**Trapkar resies:**  
 Kry jou skoolmaats en skryf n span in **van 4 persone vir slegs R10 per persoon** (R40 per span)!  
 (Inskrywingsvorms is by die kerk beskikbaar of kontak Saréza by 0836691223 of Mariska by 0728376242)  
 Ouderdomsgroep vir die trapkar kompetisie is:

<p><b>Meisies</b></p> <p>Graad 1 – 3          Graad 4 – 5          Graad 6 – 7</p>	<p><b>Seuns</b></p> <p>Graad 1 – 3          Graad 4 – 5          Graad 6 – 7</p>
--	--

Meisies en Seuns gaan apart deelneem en **die wenners van elke ouderdomsgroep gaan n prys wen!**  
**Na die kompetisies kan enigeen, selfs die oupas en oumas, die trapkar ry vir slegs R5.**

**Die Elektroniese Bul:**  
 Ons gaan Dominees van verskeie kerke uitdaag om te kyk wie bly die langste op die elektroniese bul! Groot pryse te wen!  
**Daarna kan enigeen die Bul uitdaag vir slegs R5.**

**Sprinkasteel:**  
 Kom betaal slegs R10 om vir die hele dag op die springkasteel te spring!

**Kom versier jou eie "cup cake" om jou kreatiewe kant te bevredig!**

**Boeresports**  
 Kom wees deel van 3 been resies, Waterballon gooi, Kruwa resies en vele meer vir oud en jonk!  
 (meer inligting sal volg)










**NG RIETFONTEIN – EEUFEESPROGRAM:**



Eeufoesprogram

Saterdag 3 Junie – Sondag 4 Junie

Saterdagoggend 3 Junie

Dankfoes Rietfontein Kerkerrein

08:00 Dankfoes open, en ongeveer 100 drawwers en stappers trek weg vir die pretstap en draf.

09:00 → 10:30 Onliggende Kore tree op in ons Kerkgebou en Orrelspel word gelewer deur Jan Elsenaar.

10:30 Sangeres Helly Clark tree op

Uitstallers op terrein: ♡ Swepe, Boutique Klere, Juwele, Pottensy, Handgemaakte items, vaersdag geskenke ens.

Klimmuur voortrekkers: met toegeruste span.

Meganiese Bul: n Prys vir die braafste Ruiter, kom ry saam.

Eet, kuier en vermaak vir groot en klein

**Saterdagavond 3 Junie**

Konsert 18:00 Rietfontein Kerksaal

Opening en verwelkoming

Toeka se Kereraadsvergadering olv Heila Myburgh

Siegfried Appel, Oubaas Cornelius Rasze Erasmus sr, Frans Goedehul, André Kruger, JS & PG MA, Dawid Steyl

**Verseidenheidskonsert**

Colette Klöpper  
 Klavier – Madelie Cronje  
 Klavier – Jannes Dempsey  
 Colette Klöpper  
 Klavier – Louise Cronje  
 Klavier – Annette (jnr) Olliers

FAK-Medley olv George (jnr) Michalakis

Pouse: Eie Piekniekmandjies en eetgerei

**Aasvoëls en Geldwoiwe olv Alta Oelofse**

Marcelle & Siegfried Appel, Annette & Bertus Olliers, Elaan Cornelius, Christine Kotzé, Pieter Krause, Ursula Kruger, Annel Steyl, Annette Tuijthof, Agnès Erasmus, Marie Goedehul, Nellie Priser

Afsluiting: Magaliesburgse aandlied

Programmeer en Reëlting: André Kruger

**Sondag 4 Junie**

09:20 Voorsang

Onthulling van gedenkplaat  
 Cornelia Pienaar

**09:30 Lofprysingsdiens en nagmaal**

Prediker: Dr Bertus Olliers  
 Nagmaal: Is Andre van Staden  
 Dankgebed: Corrie Trytsman  
 Orrelis: George Michalakis  
 Soli Deo Gloria kamerkoor en soliste  
 olv Chris Crause  
 Blomme: Elza van Tiljor

Tee & verversings in die saal  
 na afloop van die Erediens  
 verversings: Mooi uitsig

**Soli Deo Gloria**

**NG HERTZOGVILLE – EEUFES:**

**Alles is net Genade**

1917-2017

*U word hartlik uitgenooi na die*  
**NG Gemeente Hertzogville**  
*se Eeufesvieringe*  
**17-18 Junie 2017**  
 R.S.V.P by Martie:  
 0827053717 / nghzv@gmail.com

**PROGRAM**

**Saterdag 17 Junie**

- 11:00 Tradisionele Basaar met alles wat lekker is
- 17:00 Rugby in die kerksaal op die grootskerm

**Sondag 18 Junie**

- 09:30 Eeufes-Nagmaals-erediens
- 10:30 Gedenksteen onthulling
- 11:00 Tee by Amandelhof

